

Hersiening

Zola Handelaars gebruik die periodieke voorraadstelsel.

Inligting

Saldo's/totale op 1 Februarie 20.9

	R
Debiteurekontrole	33 400
Krediteurekontrole	46 770
Handelsvoorraad (1 Maart 20.8)	13 200
Verkope	980 000
Onttrekkings	11 300
Aankope	560 000
Vraggeld op aankope	24 500
Doeanebelasting	13 500
Vraggeld op verkope	22 400
Debiteure-afslag	8 600
Krediteure-afslag	17 300

Totale van die joernale vir Februarie 20.9

DEBITEUREJOERNAAL (DJ2)

Verkope
R128 000

DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL (DAJ2)

Debiteure-afslag
R4 600

KREDITEUREJOERNAAL

(KJ2)

Krediteure-kontrole	Aankope	Skryfbehoeftes	Toerusting	Diverse rekeninge
R114 000	R88 800	R1 200	R20 000	R4 000

KREDITEURE-AFSLAGJOERNAAL

(KAJ2)

Krediteurekontrole	Krediteure-afslag	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge
R12 250	R9 660	R240	R900

KLEINKASJOERNAAL

(KKJ2)

Aankope	Vraggeld op aankope
R160	R300

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL

(KOJ2)

Bank	Verkope	Debiteure kontrole	Korting toegestaan	Diverse rekeninge
R501 000	R65 000	R97 400	R1 400	R340 000

KONTANTBETALINGSJOERNAAL**(KBJ2)**

Bank	Aankope	Vraggeld op aankope	Skryf-behoefte	Krediteure-kontrole	Korting ontvang	Diverse rekeninge
R303 800	92 400	R14 800	R600	R107 700	R3 700	R92 000

Aansuiwerings en addisionele inligting op 28 Februarie 20.9.

- 1 Handelsvoorraad voorhande volgens die fisiese handelsvoorraadopname op 28 Februarie 20.9, R23 900.
- 2 Handelsvoorraad van R3 200 was aan die plaaslike skool geskenk. Geen inskrywing is nog gemaak nie.
- 3 Skryfbehoeftes van R200 wat aangekoop is, is in die foutiewelik in die aankopekolom van die KBJ aangeteken en oorgeboek. Korrigeer die fout.
- 4 Handelsvoorraad was gebruik om die kantoor van die bestuurder te herstel. Dit was deur die onervare boekhouer as as Onttrekkings van R4 500 foutiewelik te boek gestel.
- 5 Vraggeld op aankope is vooruitbetaal vir goedere wat slegs gedurende April 20.9 afgelewer sal word, R1 750.

Gevra

- 1 Gebruik die gegewe inligting aan stel die volgende rekeninge op:

- HANDELSREKENING
- AANKOPE REKENING
- VRAGGELD OP AANKOPE
- HANDELSREKENING

Toon alle berekeninge in hakies. Nota: Sluit die rekeninge behoorlik op 28 Februarie 20.9 af.

- 2 Lys drie maniere hoe die winste van 'n onderneming verhoog kan word.
- 3 Lys twee maniere om die verkope van die onderneming te verhoog.
- 4 Bespreek die interne beheer maatreëls wat Zola Handelaars moet oorweeg om die handelsvoorraad van die onderneming te beveilig.
- 5 Wat interne ouditprosedures moet uitgevoer word deur die interne ouditeur rakende die handelsvoorraad?